

Saterdag 29 Julie

Skrifgedeelte: 1 Johannes 5:1-5, 13

**Fokusgedeelte: 1 Johannes 5:1-5, 13; Heidelbergse Kategismus
Sondag 7**

Hoe kan ek seker weet dat ek die ewige lewe het?

Dit verbaas mens hoe baie mense nie seker is oor hulle ewige bestemming nie. Party mense wonder of jy ooit sekerheid kan hê of jy hemel toe gaan. Hier sien ons dat mens 100% seker kan wees dat jy nou al reeds die ewige lewe het.

Kan almal so seker wees? Nee, Johannes maak dit duidelik dat dit slegs dié is wat in Jesus Christus glo, wat met daardie geloofsekerheid kan leef. Ons het reeds gister gesien (28 Julie) dat mens so iets soos 'n ware geloof en 'n valse of 'n skyngeloof kry. As Johannes hier praat van gelowiges, dan praat hy van ware gelowiges wat sekerheid oor hulle ewige bestemming kan hê.

Wat is 'n ware geloof dan? In Sondag 7 bely ons dit is in die eerste plek 'n vaste kennis waarin ons alles in die Bybel vir waar aanvaar. En dit is in die tweede plek ook 'n vaste vertrouwe wat die Heilige Gees deur die goeie nuus (die evangelie) in ons harte werk. Deur die werk van die Gees vertrou ons dat God nie net ander mense gered het nie, maar dat Hy my persoonlik uit genade gered het deur Jesus se werk aan die kruis, en dat God ook vir my persoonlik die ewige lewe gee.

Indien die Gees jou werklik hiervan oortuig het deur die evangelie, dan verander dit 'n mens se lewe. Dan wil jy God en jou naaste liefhê (va 1). Dan wil jy gehoorsaam wees aan al God se gebooie en opdragte (vs 2). Dan wil jy stry teen die sondige verleidinge van wêreld (vs 3). Indien jy so waarlik glo, dan mag jy ook elke dag met blydschap en sekerheid leef dat jy nou al reeds die ewige lewe het.

Sing: Skrifberyming 18-7:1, 3, 12

Ds. LM Floor (Marcel) (Sasolburg)